BIDDEND

saam op pad!

HANDELINGE

SINODE

OOSTELIKE SINODE

sitting

2024

HANDELINGE

VAN DIE EEN-EN-TWINTIGSTE

SITTING VAN DIE

NG KERK OOSTELIKE SINODE

TE WEESGERUS MODIMOLLE

7 – 10 OKTOBER 2024

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD 1
1 ONS SINODE-FAMILIE VERGADER 4
1.1 Verwelkoming 4
2 OPENINGSBOODSKAP 4
3 UITTREDENDE UITVOERENDE AMPTENAAR 4
4 KONSTITUERING 5
4.1 Teenwoordig 5
4.2 Wysigings 8
4.3 Afwesig met verskoning: 8
4.4 Afwesig sonder verskoning: 9
5 IN MEMORIAM 9
6 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS 10
7 KENMEKAAR 10
8 TAAKSPAN EKOLOGIE 11
9 VERSLAG SINODALE DIENSRAAD 11
10 AFSLUITING 11
DINSDAG 8 OKTOBER 2024 12
11 VERWELKOMING EN PRAKTIESE REËLINGS 12
11.1 Aanvulling van afgevaardigdes 12
11.2 Verskonings 12
12 LOFPRYSING EN WYDINGSGELEENTHEID 12
13 TAAKSPAN: LERAARVERSORGING 12
14 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS 13
15 TAAKSPAN: EKOLOGIE 14
16 WINKERK 14
17 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS 14
18 TAAKSPAN: JEUG EN GESINNE 15
19 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS 15
20 FONDSEDIENSGROEP 16
20.1 Finansiële State 2024 Boekjaar 16

20.2 Bydraes vir Gesamentlike Bedieninge (BGB) 18
20.3 Uitdeelstuk: Verslag van SDR ten opsigte van "Uitstaande Bydraes tot Gesamentlike Bediening" 19
20.4 Beskrywingspunt Ring van Lyttelton 20
21 ALGEMEEN 22
22 AFSLUITING 22
WOENSDAG 9 OKTOBER 2024 22
23 VERWELKOMING EN PRAKTIESE REËLINGS 22
23.1 Verskonings 22
23.2 Wysigings van afgevaardigdes 22
23.3 Aanvulling van afgevaardigdes 22
24 LOFPRYSING EN WYDINGSGELEENTHEID 23
25 TAAKSPAN: MISSIONALE KERKWEES 23
25.1 Evangelisasie 23
25.2 Missionale Dissipelskap 23
25.3 Nuwe geloofsgemeenskappe - Kerkplanting 23
25.4 Missionale Diakonaat 23
26 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS 24
27 PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS 24
28 BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA 24
29 TEOLOGIESE OPLEIDING 25
30 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS 25
31 BESOEK: ALGEMENE SINODE 25
32 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS 26
33 KERKREGDIENSGROEP (KRDG) 27
33.1 Orde van die verslag 27
33.2 Tafelgesprekke - kerkregtelike scenario's 27
33.3 Beskrywingspunte 27
33.4 Wysigings aan die bepalinge van die Familiereëls van die Oostelike Sinode. 31
33.5 Aanwysing van verteenwoordigers 36
34 AFSLUITING 36
DONDERDAG 10 OKTOBER 2024 37

35 WELKOM EN PRAKTIESE REËLINGS 37
35.1 Verskonings 37
36 LOFPRYSING EN WYDINGSGELEENTHEID 37
37 RINGSVERTEENWOORDIGERS VIR KERKREGDIENSGROEP 38
38 ERKENNING AAN LERAARS WAT BINNE DIE VOLGENDE TWEE JAAR EMERITEER 38
39 GOEDKEURING VAN NOTULES 38
40 TAAKSPANNE: GEMEENTE-ONDERSTEUNING EN KOMMUNIKASIE 39
40.1 Verslag: Taakspan gemeente-ondersteuning 39
40.2 Verslag: Taakspan kommunikasie 41
41 AFSLUITING 41

VOORWOORD

Die 21ste sitting van die NG Kerk Oostelike Sinode is vir die eerste keer in 'n "eilandsituasie" by 'n vakansieoord aangebied. Die oogmerk van die Sinodale Diensraad was om 'n geleentheid te skep waar sinodegangers nie net ongesteurd kon vergadering hou nie maar ook die geleentheid kon benut om die familieverbande onderling te versterk. Hierdie lekker bymekaarkom om as kerk van die Here saam te besin en te kuier het baie geslaagd verloop soos ons ook verneem uit die evaluasie van die sinodegangers.

Dit was ook 'n Sinode van viering gewees. Ons het die Oostelike Sinode se afstigting van die Sinode van Noord-Transvaal 45 jaar gelede op 2 November 1979 gevier. Ons het personeel se dienslewering aan die Sinodehuis gevier deur afskeid te neem van ds Francois Retief, wat meer as tien jaar aan die Sinodehuis verbonde was - eers as Bedryfsbestuurder en toe ook as Uitvoerende Amptenaar, en ons het met groot dank en waardering erkenning gegee aan mev Tersia Petzer, wie se diens teen Desember 2024 na 23 jaar ten einde loop.

Ons is die Here dankbaar dat ons die geleentheid gehad het om biddend saam op weg te kon gaan as Oostelike Sinode. Ons is dankbaar vir die positiewe onderlinge verhoudinge wat opnuut tot stand gekom het. Ons is dankbaar vir die geleentheid om 'n verskil te kon maak vir ons gemeentes deur die dienswerk van die Here se kerk in die Oostelike Sinode.

Dr Johan Botha

Ds Francois Retief

Uitvoerende Amptenare

1 ONS SINODE-FAMILIE VERGADER

1.1 VERWELKOMING

Die Voorsitter van die Sinodale Diensraad, dr Tertius Erasmus verwelkom almal by die Sinodesitting om 14:04.

2 OPENINGSBOODSKAP

Dr Tertius Erasmus, voorsitter van die Sinodale Diensraad open vanuit Psalm 136. Hoekom wil ek die Here loof?

Die vergadering sing staande Flam 34 en Lied 417.

Die Psalmdigter vertel hoe God sy almag op drie maniere geopenbaar het:

- deur sy skeppingsdade;
- deur sy reddingsdade in die geskiedenis van sy volk en
- deur sy voorsienigheid in die lewe van elke mens.

Die Psalm begin en eindig met oproepe om die Here te loof. In vers 1 - 3 is die redes vir die oproepe onderskeidelik:

- God is goed;
- Hy is oppermagtig;
- Hy is die magtigste van die maghebbers

Dr Erasmus gee geleentheid vir tafelgesprekke. Lede van die vergadering word gevra om neer te skryf waarvoor hulle wil dankie sê. Terugvoer word van die tafels ontvang

Die vergadering sluit die opening af met Lied 188 en Flam 23 en bely die Twaalf Artikels hardop.

3 UITTREDENDE UITVOERENDE AMPTENAAR

Dr Erasmus stel dr Johan en sy gade, Marina Botha, aan die vergadering voor. Die waardes van die Oostelike Sinode word simbolies deur ds Francois Retief, uittredende Uitvoerende Amptenaar aan dr Johan Botha, nuwe Uitvoerende Amptenaar van die Oostelike Sinode gelees en oorhandig. Dr Johan Botha word amptelik verwelkom.

4 KONSTITUERING

4.1 TEENWOORDIG

GEMEENTE		
Alkmaar	Johannes (CJ) van der Merwe	
Amersfoort	Gerhard (GJ) Green	Ewert (E) Steyn
Amsterdam	Ruan (RJ) du Plooy	Jaap (JPJ) Naudé
Badplaas		Marius (M) Janse van Vuren
Barberton	Pieter (PA) Malherbe	Christiaan (CP) Coetzee
Basileia	Marius (AM) Nel	Jako (JS) Venter
	Louis (LPJ) Cloete	
Belfast	Jan (JH) Potgieter	Haideé (H) Potgieter
Blinkpan		Rene (CA) Taljaard
		Meisie (JC) van den Berg
Breyten	Marius (MS) Smit	Roger (RV) Barnett
Bronkhorstspruit	Tertius (T) Erasmus	Christiaan (CJ) Gerber
Burgersfort	Johan (JPT) Koen (snr)	Pieter (P) de Jager
Carolina	Dawie (DH) Nieuwoudt	Ruddeck-Deysel (B) Babs
Chrissiesmeer	Dawie (DH) Nieuwoudt	
Debruinpark	Dif (DF) Ehlers	Riaan (RC) Beukes
Dennesig	Vollie (RM) Gilfillan	Wessie (A) van der Westhuizen
Doornkloof		Theuns (TC) Beer
Elarduspark	Danie (DB) Vermaak	Louinette (LA) Weyer
	Maartje (M) van der	Leon (LJ) van den Berg
	Westhuizen	Michael (MP) Brits
	Lieze (LF) Meiring	Marike (MD) Brink
	Delanie (D) Bezuidenhout	Wernard (W) van Zyl
Ermelo		Willie (WP) Jacobsz
		Jan (JP) Grey
Gravelotte		Cobus (AJ) van Jaarsveld
Hazyview	Sterns (HES) Pretorius	Charlotte (C) van Leeuwen
	Ingrid (IC) Joubert	Ian (I) Anderson
Hendrina	Tielman (TM) Roux	Mari (GM) Wright

Kampersrus	Pieter (PJ) Dorey	Carl (C) van Dalen
Kerksondermure	Fanie (JS) Venter	Carl (CS) du Preez
	Colin (CG) Smith	Hermias (HC) van Zyl
	Neels (N) Marais	
	Gerrit (GJ) Visser	
	Stefan (S) Fourie	
Komatipoort	Chris (CF) Jacobs	Jonty (JL) Pretorius
Krielpark	Carine (C) Botha	
Krugerwildtuin	Juanita (J) Greyvenstein	
Letsitele	Elbert (EL) de Kock	Hendrik (H) Nel
Ligkruis	Raymond (RT) Kramm	
Lux Mundi	Frikkie (FRL) Coetzee	Elize (EM) Botha
	Marco (M) la Grange	Denise (DA) van Zyl
Lydenburg	Johan (JPT) Koen (jnr)	Ben (BF) Liebenberg
Lydenburg-Suid	Fred (FJ) Wilson	
	Antoinette (A) Wilson	
Lynnwoodrif	Jorrie (J) Potgieter	Albert (AE) Williams
Malelane	Jaco (PJG) van Niekerk	Natasha (N) Nel
Marble Hall	Theo (TE) Homann	Kobus (JFN) Badenhorst
Meyerspark	Derick (DD) Claassens	Wessel (WJ) Rossouw
	Rikus (R) Blom	Helgaard (H) Muller
Middelburg-Kanonkop	Casper (CH) Booy	Michael (M) Potgieter
Middelburg-Suid	Hardus (GJ) van Niekerk	Willem (WJ) du Plooy
	Rika (FM) van Vuren	Liezl (L) Storm
Midrand	Heinrich (HL) Momberg	
Nelspruit	Anru (AH) Liebenberg	
	Jaco (JF) Strauss	
	JZ (JZ) De Jager	
Nelspruit-Suid	Jean (J) Strydom	Danie (DJH) Swanepoel
	Louis (LJ) Pienaar	Gordon (CGG) Lancaster
Nelspruit-Westergloed	Eliska (E) Muller	
Nooitgedacht	Kobus (JJ) Mey	Chris (GC) Vermeulen
Ohrigstad	Johan (JA) Burger	Coleen (CJ) Burger

Oostelike Sinode	Johan (JS) Botha	
Paardekop	Samuel (SJ) Louw	
Phalaborwa	Otto (MHO) van Heerden	Cornelia (CG) Heyns
Pierre van Ryneveld	Henk (H) Janse van Rensburg	Willem (WW) Steyn
	Anandie (A) Greyling	Jeanette (JA) Coetzee
	Ryno (RB) Meyer	Elisma (E) Kruger
Piet Retief	Hancke (H) Van Blerk	Marietjie (MA) Roodt
	Meyer (M) van Wyk	Lydia (A) Vermaak
Premiermyn		Jan (JAN) Breytenbach
Pretoria-Faerie Glen	Retha (CM) Kruidenier	Suzette (WS) Lategan
	Dieter (D) de Bruin	
Pretoria-Garsfontein	Elzeth (E) Pienaar	Isabella (AIC) Carstens
	Jac (JJ) Pienaar	Ronnie (RA) Stanton
Pretoria-Oosterlig	Roedolf (R) Botha	André (A) Rautenbach
	Ivor (ID) Swartz	
	JI (JI) de Wet	
Rayton	Chris (CJ) Lötter	Robert (RJ) du Toit
Skuilkrans	Nico (BN) Swart	Darius (DJ) Oosthuizen
	Yolandé (Y) Giliomee	Piet (PGJ) Meiring
	Nadine (N) Swanepoel	André (AJ) Keun
	Willem (WS) Boshoff	Liza (EJ) de Koning
Tygerpoort		Francois (FJ) Retief
		Sonnika (S) Nel
Tzaneen	Chris (CF) Zietsman	Willem (W) Venter
Tzaneen-Wolkberg	Adriaan (AJPvH) van Tonder	Hannes (JN) Müller
Valleisig	André (AC) de Villiers	Nelia (CE) de Villiers
	Doret (D) Niemandt	Johanette (J) de Bruin
	Lourens (LP) van Deventer	Riaan (AD) Visser
Voetspore Gemeenskapskerk	Manie (JH) Groenewald	Jaco (JM) van As
Volksrust	Frans (FCA) de Beer	Hennie (HB) Laas
Wakkerstroom	Johan (J) Bezuidenhout	Bill (JJ) Nortje

Witbank	Jim (JIF) de Villiers	Steyn (HJS) Erasmus
	Peet (PH) Boshoff	Neels (CJ) Wessels
Witbank-Panorama	Willem (WA) Esterhuizen	Johan (PJ) du Preez
Witbank-Suid	Robert (RBD) Meintjies	Danie (DP) du Preez
		Chrisjan (CH) Boshoff
Witrivier	Alisna (A) Slabbert	

4.2 WYSIGINGS

Carolina	Babs (B) Ruddeck-Deysel in die plek van Daleen (JM) Viljoen
Skuilkrans	Piet (PGJ) Meiring in die plek van Buks (AJ) Burger

4.3 AFWESIG MET VERSKONING:

Basileia		Thys (M) du Plessis
Kerksondermure		Hannes (JG) van Aswegen
		Jan (J) Rhoodie
		Wynand (W) Smit
Middelburg gemeente	Anton (A) Kemp	Kobus (GLJ) Fourie
Midrand		Cay (CM) Momberg
Morgenzon	Stephan (S) Weyers	
Paardekop		Neels (CJ) Jooste
Witrivier		Elize (HE) Gouws
Witbank-Suid	Maans (HJ) van Zijl	
Ermelo-Oos	Geen geloofsbrief ontvang	
Laeveld	Geen geloofsbrief ontvang	
Graskop	Geen geloofsbrief ontvang	
Groblersdal	Geen geloofsbrief ontvang	
Kloofsig	Geen geloofsbrief ontvang	
Lyttelton-Noord	Geen geloofsbrief ontvang	
Machado-Boven	Geen geloofsbrief ontvang	
Kragveld	Geen geloofsbrief ontvang	
Olifantsfontein	Geen geloofsbrief ontvang	
Rietkuil	Geen geloofsbrief ontvang	

Roossenekal	Geen geloofsbrief ontvang
Sabie	Geen geloofsbrief ontvang
Simile	Geen geloofsbrief ontvang
Silvertonkruin	Geen geloofsbrief ontvang

4.4 AFWESIG SONDER VERSKONING:

Goedgegun	Geen geloofsbrief ontvang
Moreletapark	Geen geloofsbrief ontvang

Met 159 van die 178 afgevaardigdes teenwoordig, is die vergadering wettig gekonstitueer.

5 IN MEMORIAM

Ons eer die Here vir kollegas wat as leraars in Oostelike Sinode geëmeriteer het. Die Here gee steeds die vrug op hulle werk...

Daniël Botha (Daan)
30 Maart 1950 – 25 Junie 2024

Daan word gelegitimeer in 1977.
Gemeentes:
1978 Napierville
1981 Tzaneen-Wolkberg
2010 Emeritus

Johannes Petrus Pienaar (JP)
11 Julie 1946 – 14 Junie 2024

JP word gelegitimeer in 1995.
Gemeentes:
1996 Amsterdam
2012 Emeritus
2012 Amsterdam (Vastermynleraar)
2014 Emeritus

Hermias Cornelius van Zyl (Neels)
30 Julie 1952 – 26 Julie 2023

Neels word gelegitimeer in 1979.
Gemeentes:
1980 Eshowe (stdpl Mandini)
1984 verdere studie
1987 Olifantsfontein
2011 Emeritus

Philippus Johannes Jacobus Venter (Phillip)
14 Julie 1938 – 2 April 2022

Phillip word gelegitimeer in 1964.
Gemeentes:
1965 Vereeniging-Suid
1966 Uit die bediening (Lektor UOVS)
1970 Hospitaalpark
1971 Uit die bediening
1981 Brakpan
1984 Demissie verdere studie
1986 Skuilkrans-Pretoria
1995 Emeritus
1999 Marondera
2000 Emeritus

6 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS

Die skriba, dr Johan Botha, kommunikeer die orde-reëlings aan die vergadering.

BESLUIT 01/SINOOS/10/2024 Die vergadering keur die werkswyse vir die vergadering, soos in die Agenda voorgehou, goed.

GOEDGEKEUR

Leraars en kerkraadslede wat vir 'n eerste keer die Oostelike Sinodesitting bywoon, word by die vergadering verwelkom.

7 KENMEKAAR

Ds Maartje van der Westhuizen bevestig dat hierdie Sinodesitting fokus om verhoudings te bou en versoek die afgevaardigdes om hulself aan die tafel bekend te stel. Die prentekaarte word gebruik om mekaar beter te leer ken.

8 TAAKSPAN EKOLOGIE

Ds Dif Ehlers tref reëlings oor die hersirkulering van waterbotteltjies en herwinbare produkte.

Ds Thinus Prinsloo, emeritus leraar, word aan die woord gestel en hy stel die gasspreker aan die vergadering voor.

Gasspreker Richard Wadley – met die tema "Die menslike impak op die Waterberge" – lig die vergadering in oor die verskeie faktore wat die populasie van die Waterberge beïnvloed.

Ds Prinsloo bedank die gasspreker vir sy tyd en aanbieding.

9 VERSLAG SINODALE DIENSRAAD

Ds Francois Retief behandel die verslag van die Sinodale Diensraad (SDR).

Dr Erasmus vra dat al die SDR lede sal staan om vir hulle erkenning te gee vir hulle bydrae tot die funksionering van die SDR. Hy bedank ds Francois Retief vir sy harde werk en toewyding tydens sy dienstydperk.

Dr Botha tref algemene reëlings oor die res van die verloop van die sitting. Hy versoek evaluering van die dag se gebeure via Google Forms.

10 AFSLUITING

Dr Erasmus sluit die eerste dag van die vergadering af met die lied van Louis Brittz – Psalm 136. Ds JI de Wet doen 'n tafelgebed voordat die vergadering om 17:45 verdaag.

DINSDAG 8 OKTOBER 2024

11 VERWELKOMING EN PRAKTIESE REËLINGS

Dr Tertius Erasmus verwelkom almal om 08:04.

11.1 AANVULLING VAN AFGEVAARDIGDES

Ligkruis	Raymond (RT) Kramm	
Lyttelton	Landi (L) Botha	Eugene (EF) van Niekerk

11.2 VERSKONINGS

Nelspruit	JZ (JZ) de Jager vertrek na teetyd
Lydenburg-Suid	Arnold (A) Hartzenberg (vir die hele sitting)
Lydenburg-Suid	Jacques (AE) van den Berg (vir die hele sitting)

12 LOFPRYSING EN WYDINGSGELEENTHEID

Ds Hardus van Niekerk hanteer die lofprysing- en wydingsgeleentheid. Die vergadering sing Flam 24 en Flam 70. Skriflesing is vanuit Efesiërs 1:15-21 gevolg deur die sing van Vonkk 72.

Ds van Niekerk vra: As Paulus vandag 'n brief moes skryf, waarvoor sou hy sy dankbaarheid uitspreek en waaroor sou hy ongelukkig voel met betrekking tot jou gemeente en die Oostelike Sinode. Die vergadering gaan oor in tafelgesprekke en formuleer 'n een-sin roepingsverklaring.

'n Volgende gesprek word gevoer oor die vraag - As Christus as hoof van die Kerk vandag 'n vergadering moet saamroep en vir Oostelike Sinode drie opdragte gee oor hoe ons liggaam van Christus moet wees, watter drie opdragte sal dit wees?

Ds van Niekerk doen 'n gebed. Die opening word afgesluit met Flam 66.

13 TAAKSPAN: LERAARVERSORGING

Dr Erasmus stel ds Maartje van der Westhuizen aan die woord. 'n Tong-in-die-kies video oor gemeentelede se persepsies aangaande leraars, en leraars se "leef-ervarings" word gespeel as

ysbreker. Na aanleiding van die video word daar om die tafels gepraat oor stories en persepsies waarmee leraars en lidmate te doen kry.

Carl du Preez deel die navorsings-resultate van die studie wat die taakspan deur die jaar gedoen het en definieer leraarversorging as 'n holistiese benadering tot die welstand van leraars wat geestelike, emosionele, fisiese en sosiale ondersteuning insluit. Dit behels die skep van 'n ondersteunende omgewing deur die gemeente, kerkraad en breër kerkverband, asook toegang tot professionele hulpbronne. Die doel is om leraars toe te rus, te versterk en te motiveer om hul roeping effektief en volhoubaar uit te leef, terwyl hulle 'n balans tussen werk en persoonlike lewe handhaaf.

Die gasspreker, dr Jacqui von Cziffra-Bergs, se aanbiedings-tema 'Solution focused thinking' handel oor selfsorg.

Die taakspan se navorsing verbeeld 'n perfekte storm vir uitbranding en deernis. Effektiewe selfsorg is die antwoord. Dit kan plaasvind met 'n persepsie verandering as 'n "solution focused eyes" bril opgesit word wat anders kyk, "solution focused ears" te ontwikkel wat anders en meer gefokus luister en deur opbouende taal te gebruik wat hoop skep.

Sonnika Nel gee terugvoer rondom die rol van die Sinode met leiding aan kerkrade en beskikbaarstelling van bronne vir leraarversorging. 'n Hulpbronbank sal in die toekoms beskikbaar gestel word en gesonde ruimtes en verhoudingsbou moet deur die ringe geskep word.

Ds Marius Nel verduidelik die rol van die kerkraad in leraarversorging deur fisiese welstand te bespreek en bedank kerkrade vir die rol wat hulle tans speel. Dr Hancke van Blerk deel die belangrikheid van geestelike welstand in leraarversorging as fundamenteel vir hul vermoë om hul pligte met integriteit en passie te kan uitvoer.

Kerkrade word aangemoedig om in gesprek te tree oor leraarversorging. 'n Bruikbare riglyn-dokument oor leraarversorging word beskikbaar gestel. Die taakspan se doelwitte vir die volgende twee jaar word voorgehou.

14 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS

André Keun van Skuilkrans word geluk gewens met sy verjaardag.

Hendrien van Vliet, Kerkbode verteenwoordiger, word formeel verwelkom.

Die vergadering verdaag vir teetyd en hervat om 11:45.

15 TAAKSPAN: EKOLOGIE

Ds Louis Pienaar gee 'n inleidende gesprek oor die werksaamhede van die taakspan, wat bestaan uit 'n verskeidenheid van leraars en gewone lidmate.

Gasspreker prof Willem Boshoff gesels oor besoedeling met die tema "Plastiek (besoedeling): die invloed daarvan op mens en dier." Terugvoer word gegee van die meningsopname wat gedoen is deur die afgevaardigdes oor herwinningsprojekte in hul gemeentes.

Ons argeologiese nalatenskap aan die nageslag gaan berge saamgeperste plastiek wees. Die uitdaging lê in herwinningsprojekte. 'n Uitstalling van verskillende plastiese produkte en die tyd wat dit neem om af te breek, is opgestel vir besigtiging deur afgevaardigdes. Tafelbesprekings volg oor ekologiedenke.

16 WINKERK

Ds Jan Venter van Winkerk gee informasie ten opsigte van opleidingsessies wat Infokerk weekliks gratis op Woensdae aanbied en stel die Winkerk Member Mobile App bekend.

17 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS

Sonnika Nel doen die tafelgebed. Die vergadering verdaag vir middagete om 13:09 om weer om 14:00 te hervat.

BESLUIT 02/SINOOS/10/2024

Die vergadering keur die reggestelde notule van Maandag 7 Oktober 2024 goed.

GOEDGEKEUR

18 TAAKSPAN: JEUG EN GESINNE

Ds Fred Wilson lewer verslag met 'n video van die Algemene Sinode se Jeugtaakspan en gee terugvoer oor wat in die afgelope twee jaar rondom die doelwitte, toerusting en begeleiding; bemagtiging en toerusting van ouers oor geloofsvorming en geestelike bewustheid gebeur het.

Beginsels van geloofsritmes naamlik Ontwakende geloof, In Pas en Roetemerkers word bespreek.

Saam met Algemene Sinode se Jeugtaakspan, wat deel vorm van die fokusgroep vir gemeentes en geloofsgemeenskappe, word daar gefokus en gewerk aan die volgende opdragte (Algemene Sinode 2023): Ekumeniese model vir jeugbediening en jeugnetwerke in gemeenskappe en skole; 'n model vir toerusting van gemeenteleiers vir jeugbediening en kommunikasie aan gemeentes / Sinodes; Ontwikkeling van riglyne en liturgiese hulpmiddels vir geloofsvorming en erediensmomente binne intergenerasionele jeugbediening (onder andere vir ROETEMERKERS).

Tafelgesprekke volg oor die vraag: Waaroor is jy opgewonde? Waaroor droom jy vir jou kinders, tieners, jong volwassenes?

Ds Wilson bespreek probleme wat by kinders en adolessente voorkom en hoe dit benader moet word sodat onvoorwaardelike liefde die basis van hulle geloofsontwikkeling sal wees.

Tafelgesprekke volg na aanleiding van Deuteronomium 6:6-9 met die vrae: Wat is ons rol in kinders se lewe? Wat sê kinders en jongmense se neurobiologiese ontwikkeling vir ouers en vir die kerk? Watter hoop gee dit?

Ds Anandie Greyling spreek die vergadering toe oor geloofsvorming.

Tafelgesprek: Voltooi die sin "Jeugbediening is vir____"

Intergenerasionele geloofsontwikkeling en roetemerkers word bepreek aan die hand van die verslag soos ingedien. Roetemerkers is deur die Algemene Sinode van 2019 ingestel en strek oor alle generasies.

Volgende tafelgesprekke volg rondom verhale van toepassing van roetemerkers in gemeentes en die vrae: Wat ontdek ons? Wat maak my opgewonde? Waaroor wonder ons?

19 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS

Die vergadering verdaag vir koffietyd en hervat om 16:45

20 FONDSEDIENSGROEP

20.1 FINANSIËLE STATE 2024 BOEKJAAR

Ds Francois Retief bied die Oostelike Sinode se finansiële resultate van 2024 aan.

20.1.1 Finansiële Bestuur.

Die besluite oor Sinodale fondse berus by die Sinodale Diensraad (SDR). Die Fondsediensgroep (FDG), 'n taakspan van die SDR, bestuur fondse op grondvlak binne die raamwerk deur die SDR bepaal. Die FDG is besig om die beleid oor fondse te hersien sodat gemeentes optimaal bedien kan word.

20.1.2 Mediese Subsidie

Die Sinode betaal maandeliks subsidie aan 'n geslote groep pensioenarisse vir mediese kostes. Die aantal pensioenarisse soos op 30 September 2024 was 66, en die projeksie toon dat die laaste subsidie in 2042 betaal sal word.

20.1.3 Kapitaalfonds

Die Kapitaalfonds verteenwoordig die gewaardeerde waarde van die Sinode se vaste bates.

20.1.4 Reserwefonds

Die saldo van die fonds word jaarliks aangesuiwer tot 'n bedrag gelykstaande aan die nuwe finansiële jaar se begrote uitgawes en toekennings.

20.1.5 Bufferfonds

Die saldo van die fonds word beperk tot 12% van die Reserwefonds, en die verskil word oorgedra na, of verhaal van, die Ondersteuningsfonds.

20.1.6 Ondersteuningsfonds

Hierdie is die poel van fondse waaruit gemeentes gehelp word. Elke aansoek vir hulp word uniek hanteer en hulp kan verskeie vorms aanneem soos: strategiese leiding; subsidie van uitgawes (Back-up-Buddy); besoeke; opleiding en toerusting; uitdagings met likiditeit en administratiewe take (Salarisrol)

20.1.7 Ondersteuningsfondsprojeksie

Volgens 'n projeksie van PSG kan die Sinode gemeentes vir 'n verdere 30 jaar help indien daar jaarliks R1,000,000 uit die fonds onttrek word.

Indien die onttrekking verhoog word tot R1,500,000 kan gemeentes hulp verwag tot 2045 (21 jaar).

'n Onttrekking van R2,500,000 per jaar (R2,497,663 is gedurende die 2024 boekjaar onttrek) is hulp slegs beskikbaar vir minder as 10 jaar.

Gemeentes wat hulp benodig klop via die ring by die Sinode aan vir hulp. Elke aansoek word op meriete oorweeg.

20.1.8 Eksterne Fondse

Eksterne Fondse word deur die Sinode bestuur ten bate van: Gesamentlike Kommissie Evangelisasie Frankryk; Laersdrif (Nedersettingfonds); Emmarentia Geldenhuys Sendingstudiefonds; Zimbabwe Hulpverlening – Medies

20.1.9 Aanwending van inkomste

Ds Retief bespreek die aanwending van ontvangstes volledig

a) Gesamentlike werk.
   Oostelike Sinode dra saam met ander Sinodes by tot die Algemene Sinode; Teologiese Opleiding en NG Kerk Argief.

b) Historiese ondernemings en vennote
   Die laaste oorblywende onderneming is 'n bydrae aan 'n leraar van VGKSA Ohrigstad. Hierdie bydrae staak sodra hy aftree. Tans is slegs die CMR 'n vennoot van die Sinode. Die Sinode subsidieer CMR strukture in Gauteng-Oos, Mpumalanga en Limpopo.

c) Gemeentegerigte projekte
   Projekte word deur die SDR-verkose Taakspanne bedink en bestuur. Huidige fokusareas is: klein gemeente ondersteuning; teologiese opleiding; missionale kerkwees; leraarversorging; jeug en gesinne; ekologie; kerkkantoorpersoneel-opleiding en kommunikasie.

d) Sinodehuis
   Die grootste uitgawe van die Sinodehuis is personeelkostes. Die personeellede voorsien gemeentes van dienste, kundigheid en vaardighede wat nie elders beskikbaar is nie, of wat kostes sal dra as dit by professionele mense/instansies ingewin word. Sommige hiervan is: kerkordelike riglyne en prosesse; registrasie van huweliksbevestigers; statutêre kennis met betrekking tot PBO's; belasting kennis

Die brosjure wat by die registrasielêers gevoeg is, bied meer inligting oor die dienste van die Sinodehuis.

20.1.10 Die 2024 Tekort

a) Die Sinode rapporteer 'n Netto Tekort van R2,875,056 vir die 2024 finansiële jaar wat grootliks bestaan uit die voorsiening vir "Twyfelagtige Skulde" as gevolg van gemeentes wat nie BGB betaal nie.

b) Ingevolge die Kerkorde en Familiereëls word gemeentes wat nie hul verpligting teenoor die Sinode nakom nie, nie van hul verpligting vrygestel nie. Goeie rekeningkundige beginsels noodsaak ons egter om voorsiening te maak vir verpligtinge wat vir 'n geruime tyd nie nagekom word nie.

c) Gemeentes wat getrou bydra word nie ekstra belas vir die deel wat ander gemeentes nie betaal nie.

d) Tekorte word van die Ondersteuningsfonds verhaal, wat tot gevolg kan hê dat die Sinode vir 'n korter termyn in staat is om gemeentes wat uitdagings ervaar, by te staan en te help.

20.2 BYDRAES VIR GESAMENTLIKE BEDIENINGE (BGB)

20.2.1 BGB proses

Tydens die vorige Sinodesitting is die nuwe bydrae proses goedgekeur. Bydraes staan bekend as Bydraes tot Gesamentlike Bediening (BGB), wat gebaseer op die huidige finansiële resultate van gemeentes.

20.2.2 BGB Formule

Totale inkomste
Min: Vrygestelde Inkomste
Min: Aftrekbare Uitgawes
= Inkomste **O**nderhewig aan **B**GB (**IOB**)
Min: Inkomste Vrygestel van BGB (30% van IOB)
= Bepalende Inkomste (BI)
BGB = 3.8% van BI
***Min**: **K**orting van 25% op **BGB**
= BGB Betaalbaar

Die formule vir die berekening van BGB is sigbaar op die voorgeskrewe vorm

20.2.3 Berekening van minimum inkomste

ITEM	2024/25			2023/24		
	Bedrag	%	% aanpas	Bedrag	%	% aanpas
LERAAR	**869 995**	**50,19**	**6,3%**	**818 092**	**50,56**	
AMPTENARE	**278 730**	**16,08**	**6,0%**	**262 950**	**16,25**	**5,1%**
Skriba/kassier	96 555		6,0%	91 089		5,0%
Koster	48 279		6,0%	45 546		5,0%
Orrelis	48 279		6,0%	45 546		5,0%
Aftreevoorsiening personeel	32 589		6,0%	30 744		5,0%
Werkers x 2	48 279		6,0%	45 546		5,0%
Ongevalleversekering	1 989		6,0%	1 876		5,0%
WVF	2 760		6,0%	2 603		20,4%
GEBOUE EN PERSELE	**289 042**	**16,67**	**9,3%**	**264 503**	**16,35**	
BEDRYFSUITGAWES:	**295 653**	**17,06**	**8,5%**	**272 376**	**16,83**	
Versekering: pastorie	3 857		10,0%	3 506		10,0%
Versekering: kerk en toerusting	23 795		10,0%	21 631		10,0%
Drukw erk en skryfbehoeftes	33 704		8,0%	31 207		8,0%
Pos- en koerierkoste	47 586		10,0%	43 260		8,0%
Ouditeursvergoeding	13 157		6,0%	12 412		5,0%
Koste van eredienste	13 907		6,0%	13 119		10,0%
Afvaardigingskoste	8 257		8,0%	7 645		8,0%
Bydraes tot Gesamentlike Bedieninge (100%)	46 111		7,3%	42 968		0,7%
Diensw erk	64 829		10,0%	58 935		10,0%
Ringsbydrae	40 450		7,3%	37 693		0,7%
Totaal	**1 733 419**	**100,00**	**7,1%**	**1 617 921**	**100,00**	
TOTAAL VORIGE JAAR	**1 617 921**			**1 507 650**		
AANPASSING TOV VORIGE JAAR	**115 499**	**7,14**		**110 271**	**7,31**	
INKOMSTE ONDERHEWIG AAN BGB (IOB)	**1 740 000**			**1 620 000**		
(Die totaal word na die hoër R10,000 afgerond volgens Ondersteuningsdiens se besluit						
BEPLAENDE INKOMSTE (70% van IOB)	**1 218 000**			**1 134 000**		

20.3 UITDEELSTUK: VERSLAG VAN SDR TEN OPSIGTE VAN "UITSTAANDE BYDRAES TOT GESAMENTLIKE BEDIENING"

Die dokument van die Sinodale Diensraad oor Uitstaande Bydraes tot Gesamentlike Bediening word aan die lede van die vergadering voorgehou. Ds Retief lees die brief aan die vergadering voor vir bespreking. Die dokument is 'n poging van die SDR om struktuur te gee aan die proses van hantering van uitstaande bydraes.

BESLUIT 03/SINOOS/10/2024

Die vergadering keur die uitdeelstuk "Uitstaande Bydraes tot Gesamentlike Bediening" goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 04/SINOOS/10/2024

Die vergadering keur die begroting vir 2025 soos voorgehou goed.

GOEDGEKEUR

20.4 BESKRYWINGSPUNT RING VAN LYTTELTON

Ds Francois Retief hou die beskrywingspunt aan die vergadering voor.

Br Jaco van As van Voetspore gemeente, Tafel 8, motiveer die beskrywingspunt namens die Ring van Lyttelton. Hy versoek die Sinode om dit te oorweeg om 'n kommissie saam te stel wat besin oor die oorlewing van klein gemeentes.

Ds Francois Retief gee terugvoer van die Fondsediensgroep se antwoord op die Beskrywingspunt van die Ring van Lyttelton (bladsy 58, punt 6.5)

20.4.1 Punt een:

"Die Sinode besluit om alle gemeentes wat 'n jaarlikse totale lopende inkomste van R2 miljoen en minder vertoon, vry te stel van Sinodale bydrae."

BESLUIT 05/SINOOS/10/2024 Die Sinode keur die aanbeveling van die Fondsediensgroep dat punt een van die beskrywingspunt nie deur die Sinode goedgekeur word nie, goed.

GOEDGEKEUR

20.4.2 Punt twee:

"Die Sinode versoek die Sinodale Diensraad om ondersoek te doen na die praktyk van kwytskelding van sinodale heffing op spesiale projekte waarvoor aansoek gedoen word, om vas te stel of die praktyk nie gemeentes met minder fondse tot hulle beskikking, benadeel nie."

BESLUIT 06/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die Fondsediensgroep dat van punt twee van die beskrywingspunt kennis geneem word, goed.

GOEDGEKEUR

20.4.3 Punt drie:

"Die Sinode besluit dat alle uitstaande sinodale bydraes jaarliks afgeskryf sal word."

BESLUIT 07/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die Fondsediensgroep dat punt drie van die beskrywingspunt nie deur die Sinode goedgekeur word nie, goed.

GOEDGEKEUR

20.4.4 Punt vier:

"Die Sinode versoek die Sinodale Diensraad om alles in sy vermoë te doen om sy struktuur en werksaamhede so aan pas dat dit "minder permanensie" sal vertoon soos vervat in die prinsipiële vertrekpunt van die Sinode se Familiereëls. Dit is ook van toepassing op die Algemene Sinode en die Sinode versoek die Sinodale Diensraad om op elke forum hierdie vertrekpunt te huldig sodat finansiële druk op gemeentes verlig sal word."

BESLUIT 08/SINOOS/102024

Die Sinode keur die aanbeveling van die Fondsediensgroep dat kennis geneem word van punt vier van die beskrywingspunt, goed.

GOEDGEKEUR

20.4.5 Punt vyf:

"Die Sinode besluit om sy begroting met balansstate aan die Sinode in sitting voor te lê vir goedkeuring."

BESLUIT 09/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die Fondsediensgroep dat van punt vyf van die beskrywingspunt kennis geneem word, goed.

GOEDGEKEUR

Die vergadering word ingelig dat ds Francois Retief, tot einde September 2025, deur die SDR getaak is om te fokus op 'n model van ondersteuning vir klein gemeentes. Die SDR het die noodkrete van gemeentes met uitdagings duidelik gehoor en daarom hul aksieplan in werking gestel.

21 ALGEMEEN

Dr Erasmus verwelkom dr Nioma Venter en dr Déwyk Ungerer van die Algemene Sinode.

22 AFSLUITING

Ds Hardus van Niekerk sluit die vergadering af met Skriflesing. Dr Jean Strydom doen die tafelgebed waarna die vergadering om 18:05 verdaag.

WOENSDAG 9 OKTOBER 2024

23 VERWELKOMING EN PRAKTIESE REËLINGS

Dr Tertius Erasmus verwelkom almal by die vergadering om 08:02.

23.1 VERSKONINGS

Krugerwildtuin	Juanita (J) Greyvenstein
Paardekop	Samuel (SJ) Louw
Nelspruit	JZ (JZ) de Jager
Skuilkrans	Darius (DJ) Oosthuizen vertrek tydens teetyd
Witbank	Steyn (HJS) Erasmus vertrek tydens etenstyd
Nelspruit-Suid	Louis (LJ) Pienaar vertrek na etenstyd
Elarduspark	Lieze (LF) Meiring vertrek na etenstyd
Ermelo	Jan (JP) Grey en Willie (WP) Jacobs vertrek na etenstyd

23.2 WYSIGINGS VAN AFGEVAARDIGDES

Skuilkrans	Sandra (S) Botha in die plek van Liza (EJ) de Koning

23.3 AANVULLING VAN AFGEVAARDIGDES

Tygerpoort	Marco (M) Koch en Karin (K) Steyn

24 LOFPRYSING EN WYDINGSGELEENTHEID

Ds Maartje van der Westhuizen hanteer die lofprysing en wydingsgeleentheid. Die vergadering sing Vonkk 72, Flam 66 en Light of the world. Vanuit die Skriflesing uit Efesiërs 3:1-6 en 14-21 word die vraag gevra "Hoe meet jy jou waarde?" Drie bewegings word uit die teks uitgelig naamlik God skep jou met waarde; God maak ons innerlik sterk en God werk deur ons.

Gesprekke by tafels volg rondom die volgende vrae: Wat val jou op van God se liefde? Wat dink jy droom God vir ons as Oostelike Sinode?

Die vergadering sing Flam 144.

25 TAAKSPAN: MISSIONALE KERKWEES

Ds Theo Homann oorhandig 'n Bybel aan Piet Mpedi, 'n werknemer van Weesgerus, as deel van 'n skenking vanaf die Oostelike Sinode van 52 Bybels aan werknemers van die oord.

Dr Frikkie Coetzee lewer verslag oor die visie en benadering van die taakspan soos voorgehou is.

25.1 EVANGELISASIE

Ds Nico Swart deel sy roeping en belewenis van die taakspan se fokus op evangelisasie.

25.2 MISSIONALE DISSIPELSKAP

Ds Johan Koen (jnr) lewer verslag oor missionale dissipelskap.

Gasspreker Dr Tom Smith, van Excelsus, lewer 'n aanbieding IN PAS met die lewende God. 1 Timoteus 4:6-10 word voorgelees. 'n Groepering van gewoontes of ritmes wat gemeentes help om in pas met die lewende God te leef, word bespreek.

25.3 NUWE GELOOFSGEMEENSKAPPE - KERKPLANTING

Ds Ryno Meyer deel sy verhaal oor kerkplanting. Fellowship City - "'n kerk vir die gemeenskap wat lyk soos die gemeenskap" is deur Pierre van Ryneveld gemeente geplant. Kerke word aangemoedig om ook deel van 'n kerkplantingsbeweging te word.

25.4 MISSIONALE DIAKONAAT

Dr Frikkie Coetzee lewer verslag oor missionale diakonaat, gestuurde dienswerk van die lewende Here in die gemeenskappe waar ons geplaas is. Noodverligting in ramptoestande is wesenlik deel van die hart van die Evangelie. Dit behoort nie net op gemeentelike vlak aangespreek te word nie, maar in groter netwerke. RESPOND is 'n netwerk van landswye Sinodes. 'n Oproep word gemaak

om 'n span in ons Sinode saam te stel wat projekte kan loods en netwerke in ons Sinode kan vorm, ondersteunend tot ons eie SinOos Seën Art 18A Trust.

Sonnika Nel lewer verslag oor die werk van TOIBO (Trans Oranje Instituut vir Buitengewone Onderwys) 'n NPO organisasie wat betrokke is by skole met leerlinge met gestremdhede.

Tafelgesprek: Watter geleenthede sien julle raak? Wat kan julle daaraan doen?

Dr Frikkie Coetzee sluit af met Psalm 36:9-10.

26 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS

Die vergadering verdaag vir teetyd en hervat om 11:45.

Die Sinodelied word gesing.

27 PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

Mnre Theo Smith, bestuurder, en Fanie van Vuuren van die Predikante- en Amptenare Pensioenfonds, word verwelkom. Theo Smith tree in 2025 af waarna ds Rehan Rheeder by hom sal oorneem. 'n Voorbeeld van 'n leraar se pensioenfondsstaat en hoe aanpassings tot bydraes gemaak kan word, word bespreek. Fanie van Vuuren, adviseur van Sanlam produkte, deel algemene inligting oor die pensioenfonds. Ds Francois Retief bedank Theo Smith vir sy jarelange diens aan die Oostelike Sinode. Die Sinode sing die sëenlied, Lied 268, vir Theo Smith.

28 BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Ds Gerhard Lindeque van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika deel oor hulle werk en projekte. Hulle bedank die Sinode en gemeentes vir hulle bydraes aan die Bybelgenootskap. Gemeentes word gevra om jaarliks een deurkollekte vir die Bybelgenootskap in te samel en hulle te ondersteun. Ds Charl de Kock stel die werk van die Bybelgenootskap bekend.

29 TEOLOGIESE OPLEIDING

Dr Tertius Erasmus doen verslag oor teologiese opleiding soos op bladsy 81 van die Agenda. Die verslag handel oor opleiding, bevoegdhede en voortgesette bedieningsontwikkeling.

Ds Anandie Greyling, tafel 14, moedig lede en ook kerkraadslede aan om Excelsus kursusse te ondersteun.

Dr Frikkie Coetzee, tafel 22, noem dat teologiese opleiding deel is van ons Missionale Kerkwees.

Dr Jean Strydom, tafel 24, deel sy kommer oor die teologiese opleiding by die opleidingsinstansies.

Dr Tertius Erasmus reageer en noem dat die gesprek oor afnemende getalle van studente aandag geniet by die kuratorium. 'n Volledige vergadering met al die dosente van verskeie opleidingsinstansies is gehou om te kyk of opleiding geïntegreerd kan plaasvind. Hy nooi belangstellendes wat saam hieroor wil praat na 'n zoom gesprek – name kan opgegee word vir opvolg.

30 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS

Ds André de Villiers van Valleisig doen die tafelgebed waarna die vergadering vir middagete verdaag.

Die vergadering hervat om 14:06.

31 BESOEK: ALGEMENE SINODE

Dr Nioma Venter, Algemene Sekretaris, en dr Déwyk Ungerer, Aktuarius van die Algemene Sinode, word by die vergadering verwelkom.

Dr Nioma Venter spreek die vergadering toe oor die roeping en werkswyse van die Algemene Sinodale Moderamen (ASM). In Februarie 2024 na aanleiding van die uitkomste van die Algemene Sinodesitting van 2023 is besluit op vier fokusse naamlik: Gemeentes & Geloofsgemeenskappe; Ekumene & Publieke Getuienis; Diensgetuienis en Opleiding & Toerusting. Die ASM volg 'n werkswyse van verteenwoordiging van elke samestellende Sinode; sistemiese integrasie en vennootskap; werkgroepe en tydlyne asook fokusgroepkonsultasie. Hulpbronne vir gemeentes,

leraars en lidmate is beskikbaar by www.ngkerk.net. Daar word afgesluit met 'n deel uit die kerkverbandverslag: (4.1) Die Algemene Sinode skep netwerke met die oog op konsultasie, onderlinge en ekumeniese ondersteuning, geloofsonderskeiding en sinergie ten opsigte van ons roeping en getuienis.

Dr Déwyk Ungerer gee terugvoer uit die kantoor van die Aktuarius. Hulle is tans besig met Kerkreg; predikantsake; batebestuur en Algemene Sinode personeelsake. Hy brei uit oor die kerk en die eenheid van die kerk. Daar word kort en oorsigtelik gepraat oor Kerkreg en Kerkorde en dat Kerkorde belangrik is om orde te skep. Die instansie in die kerk wat orde skep is die Algemene Sinode. Die Kerkorde is nie kanon nie en word gereeld verander en gewysig deur die Algemene Sinode. In die kerk word nie met strafmaatreëls gewerk nie, maar met opsig en tug. Die Kerkorde werk met die Sigbare Kerk (instituut) en die Onsigbare Kerk (organisme). Die kerk werk anders want die kerk is anders. Daarom staan ons komplimentêr tot die staat. Die kerk het reg op eie sake soos byvoorbeeld belydenis; ampte; lidmaatskap; gesag van vergaderings asook orde en tug. Die Kerkorde word nie uit 'n sosiologies-juridiese hoek gelees nie, maar vanuit 'n teologies-etiese perspektief. Die nuutste Kerkorde is digitaal en in harde kopie beskikbaar. Wanneer die Kerkorde gelees word onthou die leser dat Christus die Hoof van die kerk is en dat die waardes uit die Skrif liefde, menswaardigheid, gelykheid, vryheid en orde is.

Die Kerkorde is wet en word gewysig met 'n 2/3 meerderheid. Die verskil tussen artikels, reglemente, riglyne en funksionele besluite word verduidelik. Elke sinode het hulle eie kerkorde of huishoudelike reëls. Dr Ungerer verwys na 'n Bestuurshandleiding wat in 2022 hersien is en 'n handige gids is wat gemeentes kan gebruik. Die kerkraadslede word herinner om die vergoedingsraamwerk as riglyn te gebruik om jaarliks pakkette met hulle personeel te onderhandel.

32 PRAKTIESE VERGADERING REËLINGS

Die vergadering verdaag vir koffietyd en 'n boomplanting geleentheid om 15:30.

Die vergadering hervat om 16:15.

33 KERKREGDIENSGROEP (KRDG)

Ds Willem Esterhuizen lewer verslag. Die Kerkregdiensgroep is daar om te ondersteun en leiding te gee. Die Kerkregdiensgroep word bekendgestel aan die vergadering: Ds Hardus van Niekerk, prof Johan van der Merwe en br Danie Neumann.

33.1 ORDE VAN DIE VERSLAG

Die Sinode neem kennis van die orde vir die behandeling van die Kerkregdiensgroep se verslag soos in die Agenda opgestel.

33.2 TAFELGESPREKKE - KERKREGTELIKE SCENARIO'S

Twee verskillende kerkregtelike scenario's, met Artikels 21 en 22 as basis, word aan tafels gegee vir bespreking.

33.3 BESKRYWINGSPUNTE

33.3.1 Die beskrywingspunt van die Ring van Lyttelton

Ds Willem Esterhuizen lê die beskrywingspunt van die Ring van Lyttelton voor. Die verslag dien as Amendement 1 en daarom word dit eerste hanteer. Die vergadering bevestig die verslag as gelese.

Br Jaco van As, Voetspore gemeente, tafel 8, motiveer die beskrywingspunt namens die Ring van Lyttelton. Ds Esterhuizen hanteer die verslag van die Kerkregdiensgroep. Die vergadering ontvang geleentheid om aan die gesprek deel te neem waarop br van As die reg tot repliek opneem.

Die vergadering gaan oor tot stemming met behulp van die groen en rooi kaarte.

BESLUIT 10/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die KRDG dat die Sinode kennis neem dat punt een en twee van die beskrywingspunt na die ATR verwys is vir oorweging met die oog op 'n toekomstige kerkorde, goed.

GOEDGEKEUR

Besluit 11/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die KRDG dat die Sinode kennis neem van punt drie van die beskrywingspunt, goed.

GOEDGEKEUR

33.3.2 Die beskrywingspunt van die NG Gemeente Burgersfort

Ds Willem Esterhuizen lees die beskrywingspunt, soos in die Agenda, aan die vergadering voor. Ds Johan Koen (snr), NG Gemeente Burgersfort, tafel 3, gee toeligting namens die gemeente. Ds Esterhuizen hou die aanbeveling van die Kerkregdiensgroep aan die vergadering voor. Die vergadering kry ruim tyd om aan die gesprek rondom die beskrywingspunt deel te neem. Nadat ds Koen die geleentheid tot repliek gebruik, gaan die vergadering oor tot stemming met behulp van die rooi en groen kaarte. Die tafelleiers doen 'n opname van die aantal stemme vir en teen die besluit aangesien die sigbare verskil tussen die aantal rooi en groen kaarte moeilik te onderskei is. Die vergadering beslis oor die voorstel van die Kerkregdiensgroep met 'n meerderheid ten gunste van die besluit van die Kerkregdiensgroep.

BESLUIT 12/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die KRDG dat die Sinode kennis neem van die beskrywingspunt van NG Gemeente Burgersfort, goed.

GOEDGEKEUR

33.3.3 Beskrywingspunt van die kerkraad van Kampersrus soos ter vergadering ontvang.

OPSKRIF VIR BESKRYWINGSPUNT: Bespreek en Goedkeuring van Reglement 6 van Familiereëls 2021 vir Aflosleraars

Die Sinode besluit:

1. Die Sinode besluit om die voorgestelde Reglement wat in die Familiereëls 2021 as Reglement 6 opgeneem is, tydens die Sinode te bespreek.
2. Die Sinode keur die reglement met voorgestelde wysigings goed vir gebruik in gemeentes. (' Motivering en Wysigings is aan die aktuarius in 'n skrywe gedateer 21 Mei 2024 gestuur)
3. Die Sinode keur die bediening van gemeentes deur middel van Aflosleraar volgens die reglement goed.
4. Die Sinode versoek die Sinodale Kerkregdiensgroep om die aflosbediening verder te ondersoek, te monitor en ontwikkel vir toekomstige bediening.

MOTIVERING

1. Die behoefte en wenslikheid vir die bediening van gemeentes deur volledig opgeleide leraars is 'n gegewe. Die aflosbediening kan dit vir klein gemeentes wat nie meer volle leraarsposte kan bekostig nie, moontlik maak om deur opgeleide leraars bedien te word.
2. Die feit dat die voorgestelde Reglement 6 in die Familiereëls van 2021 opgeneem is, maar nie goedgekeur is nie, spreek vanself dat die aflosbediening reeds deurdink en tot 'n mate bekend geraak het. Die verwagting is geskep dat dit by die vorige Sinodesitting bespreek sou word.
3. NG Kerk Kampersrus het reeds met medewete van en ondersteuning en toesig van die Ring van Laeveld die aflosbediening volgens die Reglement geïmplementeer en die afgelope drie jaar getoets. Die gemeente sien tans nie 'n ander uitweg nie, maar kan getuig dat dit goed werk en die bediening voorlopig so voortsit.
4. Die bestaande leraarsposte volgens die Familiereëls (Voltyds onbepaald, Termyn bepaald-, tentmakers ens.) is nie een geskik en moontlik vir NG Kerk Kampersrus se situasie nie.
5. Die gemeente wil die aflosbediening met verantwoordelikheid d.m.v. 'n goedgekeurde reglement, met medewete en ondersteuning en toesig deur die kerkverband benut terwyl die gemeente se situasie dit noodsaak.
6. Meer gemeentes sal baat vind by die aflosbediening en 'n goedgekeurde reglement kan gemeentes help om so 'n bediening te benut sonder om die wiel te herontwerp.

…… Voorsitter van die kerkraad

Handtekening

Afgevaardigde Dr Pieter Dorey

Naam van Gemeente: Kruisgemeente - NG Kerk Kampersrus/Hoedspruit

Die Beskrywingspunt word met goedkeuring van die vergadering vanaf die oorhoofse skerm hanteer.

Dr Pieter Dorey, NG Gemeente Kampersrus, tafel 5, gee toeligting oor die beskrywingspunt.

Ds Esterhuizen hou die verslag en aanbeveling van die tydelike Kerkregdiensgroep aan die vergadering voor. Na geleentheid vir bespreking deur die vergadering neem dr Dorey nie die geleentheid tot repliek op nie en die vergadering stem oor die aanbevelings. Regstelling – tydelike Kerkregdiensgroep se verslag.

33.3.3.1 Verslag van die tydelike KRDG rakende die beskrywingspunt van NG Gemeente Kampersrus

1. Die diensgroep het die beskrywingspunt van NG Gemeente Kampersrus ter tafel geneem, en met die voorsteller vergader.

2. Die diensgroep oordeel dat die beskrywingspunt aan al die vereistes van Vorm 9 van die Oostelike Sinode voldoen.

3. Die diensgroep oordeel dat die beskrywingspunt se verwysing na Reglement 6 in die Familiereëls 2021, wat nog nie goedgekeur is nie, 'n potensiële antwoord bied op die gaping wat Reglement 16.1.6 Reglement vir vastetermyn predikantspos (Kerkorde 2023) laat.

1.6 'n Predikant kan vir 'n termyn van ses maande of korter benoem word om 'n spesifieke taak in 'n gemeente te doen, byvoorbeeld tydens die kraamverlof van die gemeente se predikant. So 'n aflospos (van ses maande of korter) is vrygestel van die bepalings van hierdie reglement ten opsigte van die skep van die pos, die beroeping, bevestiging en pensioenverpligting van die pos.

33.3.3.2 Aanbevelings:

1. Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

2. Die Sinode versoek die Algemene Sinode om Reglement 16.1.6 met inagneming van die voorgestelde Reglement vir aflos (locum) predikante soos deur NG Gemeente Kampersrus, uit te brei.

33.3.3.3 Besluit:

BESLUIT 13/SINOOS/10/2024

Die vergadering keur die aanbeveling van die TKRDG dat die Sinode kennis neem van die beskrywingspunt van die Kerkraad van Kampersrus, goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 14/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die TKRDG dat die Sinode die Algemene Sinode versoek om Reglement 16.1.6, met inagneming van die voorgestelde Reglement vir aflos (locum) predikante soos ingedien deur NG Gemeente Kampersrus, uit te brei, goed.

GOEDGEKEUR

33.4 WYSIGINGS AAN DIE BEPALINGE VAN DIE FAMILIEREËLS VAN DIE OOSTELIKE SINODE.

Die wysigings word as gelese beskou en so bevestig deur die vergadering. Die Voorsitter hou die voorstelle puntsgewys aan die vergadering voor om met groen en rooi kaarte te stem.

33.4.1 Bepaling 4

BESLUIT 15/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die formulering van Bepaling 4 as volg goed:

Bepaling 4 - Emeritaat, pensioen en versorging van afhanklikes van 'n Predikant

4.7 5.7 Die binnelandse trekkoste van 'n predikant wat in 'n pastorie woon by emeritaat, of van die eggenoot/afhanklike kinders in geval van afsterwe voor emeritaat, word deur die gemeente/kerkverband in wie se diens hy/sy was na die plek van vestiging gedra tensy in die diensooreenkoms anders bepaal.

GOEDGEKEUR

33.4.2 Bepaling 15

BESLUIT 16/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die formulering van Bepaling 15 as volg goed:

Bepaling 15

Samestelling van die kerkraad

15.1 Die kerkraad bepaal hoeveel kerkraadslede daar moet wees, maar 'n kerkraad moet te alle tye uit minstens vyf lede bestaan.

15.2 Alle leraars dien in die sentrale kerkraad.

15.3 Indien 'n kerkraad nie kan konstitueer nie, tree die ringsdiensraad op om die kerkraad tot die vereiste getal aan te vul. Die aanvulling word tydens 'n gemeentevergadering waarvan op twee opeenvolgende Sondae by die erediens(te) kennis gegee is, gedoen.

GOEDGEKEUR

33.4.3 Bepaling 25

BESLUIT 17/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die formulering van Bepaling 25 as volg goed:

Bepaling 25

Opsig, Tug en Vermaning, / Appèlsake van die Ring

25.1.2 Die Ringsdiensraad fasiliteer die aanstelling van 'n tugliggaam volgens Reglement

25.1.5 Die tugmaatreëls word gereël in ooreenstemming met Art 64 en Reglement 22.10 van die 2023 Kerkorde van die N G Kerk.

25.1.8 Die Ringstugliggaam bepaal voor die hantering van die saak of dit op die tafel van die Kerk, of op die tafel van die sekulêre hof hoort (die aard van hierdie vasstelling word aan die diskresie van die tugliggaam oorgelaat).

25.1.9 Indien daar onsekerheid is of dit 'n kriminele oortreding kan wees, word van die advies van regsgeleerdes gebruik gemaak oor die plek waar die saak hoort. Die kerkregkundige/kerkregdiensgroep word genader om gepaste inligting te verskaf.

GOEDGEKEUR

33.4.4 Bepaling 30

BESLUIT 18/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die formulering van Bepaling 30 as volg goed:

Bepaling 30

Vergaderinge van die Sinode

30.1 Die Sinode vergader op 'n tyd en plek soos deur die Sinode/Sinodale Diensraad bepaal. Die Sinode word opgeroep deur 'n kennisgewing aan al die kerkrade.

30.2 Elke gemeente vaardig ten minste een predikant en een kerkraadslid na die Sinodesitting af. Vir elke ander predikant wat afgevaardig word, word ook 'n kerkraadslid afgevaardig behalwe waar kombinering van gemeentes van toepassing is (Vergelyk Reglement 27.2.1.13). (Vergelyk Artikel 33.1.1 en 33.1.2)

30.3 Die Sinodale Diensraad het die reg om die vergadering uit te stel of 'n buitengewone vergadering byeen te roep met kennisgewing aan al die kerkrade.

GOEDGEKEUR

33.4.5 Bepaling 31

BESLUIT 19/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die formulering van Bepaling 31 as volg goed:

Bepaling 31

Buitengewone Sinode

31.4 Ontwerpspan:

31.4.1 Die Ontwerpspan bepaal die tydsduur vir die Buitengewone Oostelike Sinodevergadering.

31.4.2 Die Ontwerpspan bestaan uit kundiges, die Uitvoerende Amptenaar, die voorsitter van die Sinodale Diensraad en die kerkregkundige.

GOEDGEKEUR

33.4.6 Kerkregdiensgroep

BESLUIT 20/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die Redaksionele wysiging by Bepaling 36 as volg goed:

36.3 **'n *Kerkregdiensgroep* wat*** *(Die kerkregtelike beginsels wat in die Kerkorde van die Algemene Sinode op die Algemene Taakspan Regte van toepassing is, is ook van toepassing op Oostelike Sinode se Kerkregdiensgroep (vgl Reglement 8))*

Die skuinsgedruk word as voetnoot weergegee.

GOEDGEKEUR

33.4.7 Bepaling 37

BESLUIT 21/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die redaksionele wysiging by Bepaling 37 as volg goed:

Bepaling 37

Doleer Bepaling 37 word verskuif in die Familiereëls om saam met Artikel 23, wat handel met Kerklike appél, gravamen(beswaarskrif) en hersiening(revisie) gelees te word.

GOEDGEKEUR

33.4.8 Reglement OOS-2

BESLUIT 22/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur Reglement OOS-2 as volg goed:

9. REGLEMENT OOS-2:

REGLEMENT VIR DIE SINODALE DIENSRAAD

1. SAMESTELLING SINODALE DIENSRAAD

1.1 Die Sinode verkies die voorsitter en ondervoorsitter van die Sinodale Diensraad, wat ook as voorsitter en ondervoorsitter van die daaropvolgende Sinodesitting dien. Hierdie persone is nie herkiesbaar in die daaropvolgende termyn in dieselfde posisie nie.

1.2 Die Sinode verkies sewe sinodale verteenwoordigers met sekundi vir die Sinodale Diensraad. Twee van die sewe sinodale verteenwoordigers (asook twee sekundi) moet ouderlinge/diakens wees wat nie predikants- of proponentsbevoegdheid het nie.

1.3 Elke ring wys by die Sinodesitting 'n Sinodale verteenwoordiger met 'n sekundus aan om op die Sinodale Diensraad te dien.

1.4 Die Kerkregkundige word deur die Sinodale Diensraad aangewys en as volwaardige lid gekoöpteer.

1.5 Die voorsitters van bedieninge word vir 'n bepaalde termyn as lede van die Sinodale Diensraad gekoöpteer.

1.6 Die verkose Sinodale verteenwoordigers word vir 'n termyn van vier jaar verkies. (HANDELINGE OOSTELIKE SINODE 2022 BL 77)

2. NOMINASIES

2.1 Nominasies vir die voorsitter, ondervoorsitter en die ander sewe sinodale leiers word tegelykertyd tydens die vergadering ontvang.

2.2 Nominasies geskied op 'n goedgekeurde nominasievorm. Die voorsteller en sekondante voltooi die volgende: Die genomineerde se naam en van, sy/haar gemeente, die hoedanigheid/hede waarvoor hy/sy genomineer word, die voorsteller (naam en handtekening van die afgevaardigde), die twee sekondante (naam en handtekening van twee afgevaardigdes).

2.3 Die nominasievorm word ingehandig en aan die genomineerde voorsien wat geleentheid kry om dit biddend te oorweeg, met die afgevaardigdes van sy/haar gemeente te bespreek en dit te onderteken. Die nominasie is eers geldig as die persoon wat genomineer is, die nominasievorm onderteken het en die nominasie aanvaar.

2.4 Die diversiteit van die Sinode word in aanmerking geneem. Minstens twee lede (asook twee sekundi) van die Sinodale Diensraad moet nie-gelegitimeerdes wees en geslag (veral vroue) en ouderdom (veral jeug) moet by nominasie en verkiesing oorweeg word.

2.5 Die name van al die genomineerdes en die hoedanigheid/-hede waarvoor hulle benoem is, word dan tot beskikking van die hele vergadering gestel.

3. VERKIESING

3.1 Stembriewe word voorberei waarop die hoedanigheid waarvoor die persoon genomineer is (bv. sinodale leier: voorsitter) en die name van al die genomineerdes in alfabetiese volgorde verskyn met hul gemeente se naam, amp, ouderdom en geslag in hakies.

3.2 Voordat die stemming plaasvind word die genomineerdes aan die vergadering bekend gestel.

3.3 Die verkiesing van voorsitter en ondervoorsitter van die Sinodale Diensraad vind eerste plaas, daarna die van die ander sewe sinodale leiers.

3.4 Elke stemming geskied deur die lede wat aanwesig is. Sinodale leiers asook sekundi, moet met 'n volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige lede verkies word. Verkiesing van persone geskied op 'n geslote stemwyse. Uit die name in die nominasielys stem elke stemgeregtigde vir soveel name as die getal persone wat in 'n bepaalde hoedanigheid verkies moet word. Indien vir 'n bepaalde hoedanigheid nie 'n volstrekte meerderheid van stemme op 'n persoon verenig is nie, vind 'n verdere stemming plaas uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het en saam 'n volstrekte meerderheid vorm. Indien die stemme staak, vind 'n volgende stemming tussen dieselfde persone plaas, waarna die lot beslis.

3.5 Ringe kom tydens die vergadering op 'n afgespreekte plek bymekaar en wys 'n primarius en sekundus met handopsteek aan om namens die ring op die Sinodale Diensraad te dien.

3.6 Die ringe kan nie iemand wat reeds as primarius deur die vergadering verkies is as ringsverteenwoordiger verkies nie. Indien 'n sekundus van die sinodale-verteenwoordigers as primarius van 'n ring verkies word, gaan die vergadering voort om 'n ander sekundus vir die Sinodale-verteenwoordigers te verkies.

4. VAKATURES

Na afloop van die Sinodesitting word vakatures in die Sinodale Diensraad van die Sinodale verteenwoordigers uit die sekundi aangevul. Indien die lys van sekundi uitgeput is, word dit deur die Sinodale Diensraad aangevul.

4.2 In geval waar sekundi vir 'n ringsverteenwoordiger uitgeput is, gaan die Sinodale Diensraad voort om iemand uit die bepaalde ring aan te wys. Die ring kan 'n aanbeveling aan die Sinodale Diensraad maak.

GOEDGEKEUR

33.5 AANWYSING VAN VERTEENWOORDIGERS

33.5.1 Ondersoek- en tugliggame aanbeveling

BESLUIT 23/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur goed dat die ringe twee persone aanwys wat op ondersoek- en tugliggame kan dien.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 24/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur goed dat die lys name van persone wat deur die ringe aangewys is om op ondersoek- en tugliggame te dien deur die Sinode gekondoneer word.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 25/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur goed dat daar van die beplande opleiding om sinodale verteenwoordigers te bemagtig kennis geneem word.

GOEDGEKEUR

34 AFSLUITING

Ds Adriaan van Tonder doen die tafelgebed waarna die vergadering om 19:00 verdaag.

DONDERDAG 10 OKTOBER 2024

35 WELKOM EN PRAKTIESE REËLINGS

Dr Tertius Erasmus verwelkom almal om 08:03.

35.1 VERSKONINGS

Amersfoort	Gerhard (GJ) Green en Ewert (E) Steyn
Elarduspark	Lieze (LF) Meiring
Ermelo	Willie (WP) Jacobsz en Jan (JP) Grey
Krugerwildtuin	Juanita (J) Greyvenstein
Lyttelton	Landi (L) Botha
Paardekop	Samuel (SJ) Louw
Nelspruit	JZ (JZ) de Jager
Skuilkrans	Darius (DJ) Oosthuizen
Tygerpoort	Karin (K) Steyn en Marco (M) Koch
Witbank	Steyn (HJS) Erasmus
Nelspruit-Suid	Louis (LJ) Pienaar
Nelspruit-Suid	Jean (J) Strydom, Danie (DJH) Swanepoel en Gordon (CGG) Lancaster vertrek om 09:00
Phalaborwa	Otto (MHO) van Heerden voel ongesteld
Voetspore	Manie (MJ) Groenewald voel ongesteld

36 LOFPRYSING EN WYDINGSGELEENTHEID

Ds Francois Retief lei die opening. Die vergadering sing Lied 175 en 488. Skriflesing uit Matteus 6:5-13.

Tafelgesprek: Daar word gereflekteer oor 3 waarnemings van die Onse Vader gebed naamlik dat dit 'n baie eenvoudige gebed is, 'n uitdagende gebed is en dat die gebed groei uit 'n diep geloofsverhouding wat God met ons begin het.

Tafel 24, 20 en 14 gee terugvoer. Dis 'n eenvoudige gebed in vorm en min woorde. Die gebed is geanker in die alledaagse. Dis 'n maklike rympie om te bid maar die dieper implikasie is uitdagend - om die gebed uit te leef. Dis 'n waaggebed dat God se wil moet geskied. "Ons Vader" is die vertrekpunt en dui op die verhouding waarin ons staan. Dit spreek van 'n familie-metafoor.

Ds Retief sluit af met 'n verwerking van die Ons Vader gebed. Daar word afgesluit met Lied 266.

37 RINGSVERTEENWOORDIGERS VIR KERKREGDIENSGROEP

Die name vir die Ringsverteenwoordigers soos versoek deur die Kerkregdiensgroep word by die notuletafel ingedien.

38 ERKENNING AAN LERAARS WAT BINNE DIE VOLGENDE TWEE JAAR EMERITEER

Dr Johan Botha gee erkenning aan leraars wat binne die volgende twee jaar emeriteer. Die vergadering sing Lied 268 as seëngebed.

39 GOEDKEURING VAN NOTULES

BESLUIT 26/SINOOS/10/2024

Die vergadering keur die notules van Dinsdag 8 Oktober en Woensdag 9 Oktober 2024 soos gewysig goed.

GOEDGEKEUR

40 TAAKSPANNE: GEMEENTE-ONDERSTEUNING EN KOMMUNIKASIE

40.1 VERSLAG: TAAKSPAN GEMEENTE-ONDERSTEUNING

Ds Francois Retief lewer verslag.

As deel van die verslag lewer ds Retief 'n groeteboodskap aan Me Tersia Petzer, Administratiewe beampte by die Sinodehuis, wat einde Desember 2024 aftree. Die vergadering sing vir haar Lied 268.

40.1.1 Kerkverband

Die struktuur van kerkverband: Gemeente, Ring, Oostelike Sinode en Algemene Sinode.

Die struktuur van die NG Kerk word aan die hand van die metafoor van 'n blombak verduidelik. **Die Algemene Sinode** (AS) ondersteun Sinodes met navorsing en beleidsvorming ten opsigte van kerkordelike sake, predikantesake, arbeidsregtelike sake, die bewaring van die geskiedenis in die Argief en steun met kategese materiaal, handleidings, toerusting en Bybelvertalings.

Die Oostelike Sinode ondersteun gemeentes met dienslewering in terme van toerusting, versorging, kommunikasie en administratiewe dienste. Oostelike Sinode beskik ook oor 'n eie Argief.

Die Ring versorg en staan gemeentes by in die uitlewing van hulle roeping, in die omgewing waar hulle saam met die ander gemeentes die gemeenskap met die evangelie bedien. As kenners van die plaaslike omstandighede bied ringe advies en hulp aan gemeentes om in dieselfde omgewing in verbintenis aan mekaar, mekaar te ondersteun en by mekaar te leer.

Die Gemeente is die plek waar die evangelie vrug dra in die omgewing, volgens eie aard en doel. Die gemeente se wortels is diep gegrond in die struktuur wat die kerkverband bied en funksioneer binne die raamwerk van die landswette, met ondersteuning en toerusting deur die Sinode. 'n Gemeente moet deurlopend sy rol en impak in die gemeenskap met die opdrag van God belyn.

40.1.2 Klein gemeentes

Ds Francois Retief lewer verslag. Gemeentes met tweehonderd en minder belydende lidmate, word as klein gemeentes beskou. Ds Retief gaan vanuit die Sinodehuis in die volgende jaar hande vat met die klein gemeentes deur steun en leiding te bied sodat klein gemeentes steeds die voetspoor van God in die gemeenskappe waar hulle geplaas is, sigbaar sal maak. Die klein gemeente is nie onbenullig in God se kerk nie.

40.1.3 Kerkrade en korporatiewe bestuur

Die Sinodale Bedryfsbestuurder, Cathy Odendaal, hanteer die verslag.

Die kerk is as regsentiteit 'n Openbare Weldaadsorganisasie (OWO) wat by die Ontvanger van Inkomste (SARS) aansoek mag doen vir vrystelling van Inkomstebelasting. Die prosedure word voorgehou. Gemeentes word nie geag as 'n nie-winsgewende organisasie (NPO) of nie-regerings organisasie (NGO) nie.

As OWO is 'n gemeente onderhewig aan die Inkomstebelastingwet en moet voldoen aan die statutêre vereistes waaraan so 'n entiteit verbind is. Gemeentes moet jaarliks finansiële state deur ouditeure of onafhanklike geregistreerde rekenmeesters laat voorberei en 'n opgawe van finansiële resultate by SARS indien (IT12EI).

Die Kerk moet as voorbeeld vir die wêreld dien. Daarom is dit die Kerkraad se verantwoordelikheid om toe te sien dat goeie en gesonde korporatiewe bestuur deur die gemeente toegepas word volgens reëls en praktyke wat verseker dat die besluitnemingsprosesse in die gemeente verantwoordbaar, regverdig en deursigtig is. Die reputasie van die gemeente word deur goeie korporatiewe bestuur beskerm.

Die Kerkraad dra die verantwoordelikheid as werkgewer van die gemeente en is aan alle landswette, wat betrekking het op die werksomgewing en die verhouding tussen 'n werkgewer en werknemer, onderworpe. Kerkrade behoort 'n personeelbeleid te hê waarin die waardes, reëls, prosesse en regulasies binne die raamwerk van die wette en kerkverband uiteengesit word.

40.1.4 Toerusting van kerkkantoorpersoneel en Argief

Die Sinodehuis se Argief- en kommunikasiebeampte, Annelize Meyer, gee terugvoer oor die kantooropleidings wat gedurende die jaar aan kerkkantoorpersoneel gebied is.

Die doel van die opleidings was om persoonlike ontmoetings te bewerkstellig en toerusting, bemagtiging en bemoediging te bevorder deur die skep van netwerke. Drie en veertig gemeentes het deelgeneem aan die opleidings in onderskeidelik Pretoria, Nelspruit en Middelburg. Relevante temas met betrekking tot al die fasette van die kerkkantoor se administrasie, is aangespreek. Terugvoer ontvang was oorwegend positief. Verdere opleidingsgeleenthede word vir 2025 beplan.

'n Video wat handel oor die werksaamhede van die Argief van die NG Kerk in Stellenbosch is aan die Sinode vertoon.

Ingevolge PAIA moet alle organisasies vir die Menseregte-Kommissaris 'n inventaris verskaf van alle inligtingsbronne waaroor hulle beskik. NG Gemeentes in Suid Afrika verskaf die inventarisse aan die Adjunk-Inligtingsbeampte van die NG Kerk Argief wat dit afhandel. Dank word uitgespreek aan een en sewentig gemeentes wat inventarisse ingehandig het of reëlings hieroor getref het.

40.2 VERSLAG: TAAKSPAN KOMMUNIKASIE

Ds JI de Wet behandel die verslag. Terugvoer ontvang vanuit die kommunikasie-vraelys word bespreek. Dit blyk dat die oorgrote meerderheid gemeentes se grootste kommunikasiemedium WhatsApp is. Kommunikasie van gemeentes word aan die hand van vyf fokuspunte bespreek naamlik die ontwikkeling van 'n kommunikasieplan; om te kommunikeer met styl en jou eie persoonlikheid; kommunikasie met mense buite die gemeente; die taal van die gemeenskap; kommunikasie as inspirasie pleks van informasie.

41 AFSLUITING

Dr Tertius Erasmus en dr Johan Botha hanteer die bedankings.

Ds Maartje van der Westhuizen bedank namens die Oostelike Sinode ds Francois Retief vir sy rol en voorbeeld as Uitvoerende Amptenaar. Sy onwrikbare voorbeeld en leierskap om drie en tagtig gemeentes met wysheid, toewyding en passie te dien en sy onbaatsugtige toewyding is 'n inspirerende voorbeeld.

Die vergadering bid hom die seën van die Here toe deur die sing van Lied 268. Ds Francois Retief bedank die vergadering.

Ds Maartje van der Westhuizen sluit die vergadering met skriflesing uit Psalm 136 en 'n seënbede. Die vergadering sing die Sinodelied en verdaag om 11:14.

BESLUITEREGISTER OOSTELIKE SINODE

BESLUIT 01/SINOOS/10/2024 Die vergadering keur die werkswyse vir die vergadering, soos in die agenda voorgehou, goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 02/SINOOS/10/2024

Die vergadering keur die reggestelde notule van Maandag 7 Oktober 2024 goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 03/SINOOS/10/2024

Die vergadering keur die uitdeelstuk "Uitstaande Bydraes tot Gesamentlike Bediening" goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 04/SINOOS/10/2024

Die vergadering keur die begroting vir 2025 soos voorgehou goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 05/SINOOS/10/2024 Die Sinode keur die aanbeveling van die Fondsediensgroep dat punt een van die beskrywingspunt nie deur die Sinode goedgekeur word nie, goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 06/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die Fondsediensgroep dat van punt twee van die beskrywingspunt kennis geneem word, goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 07/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die Fondsediensgroep dat punt drie van die beskrywingspunt nie deur die Sinode goedgekeur word nie, goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 08/SINOOS/102024

Die Sinode keur die aanbeveling van die Fondsediensgroep dat kennis geneem word van punt vier van die beskrywingspunt, goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 09/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die Fondsediensgroep dat van punt vyf van die beskrywingspunt kennis geneem word, goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 10/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die KRDG dat die Sinode kennis neem dat punt een en twee van die beskrywingspunt na die ATR verwys is vir oorweging met die oog op 'n toekomstige kerkorde, goed.

GOEDGEKEUR

Besluit 11/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die KRDG dat die Sinode kennis neem van punt drie van die beskrywingspunt, goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 12/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die KRDG dat die Sinode kennis neem van die beskrywingspunt van NG Gemeente Burgersfort, goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 13/SINOOS/10/2024

Die vergadering keur die aanbeveling van die TKRDG dat die Sinode kennis neem van die beskrywingspunt van die Kerkraad van Kampersrus, goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 14/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die aanbeveling van die TKRDG dat die Sinode die Algemene Sinode versoek om Reglement 16.1.6, met inagneming van die voorgestelde Reglement vir aflos (locum) predikante soos ingedien deur NG Gemeente Kampersrus, uit te brei, goed.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 15/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die formulering van Bepaling 4 as volg goed:

Bepaling 4

Emeritaat, pensioen en versorging van afhanklikes van 'n Predikant

4.7 5.7 Die binnelandse trekkoste van 'n predikant wat in 'n pastorie woon by emeritaat, of van die eggenoot/afhanklike kinders in geval van afsterwe voor emeritaat, word deur die gemeente/kerkverband in wie se diens hy/sy was na die plek van vestiging gedra tensy in die diensooreenkoms anders bepaal.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 16/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die formulering van Bepaling 15 as volg goed:

Bepaling 15

Samestelling van die kerkraad

15.1 Die kerkraad bepaal hoeveel kerkraadslede daar moet wees, maar 'n kerkraad moet te alle tye uit minstens vyf lede bestaan.

15.2 Alle leraars dien in die sentrale kerkraad.

15.3 Indien 'n kerkraad nie kan konstitueer nie, tree die ringsdiensraad op om die kerkraad tot die vereiste getal aan te vul. Die aanvulling word tydens 'n gemeentevergadering waarvan op twee opeenvolgende Sondae by die erediens(te) kennis gegee is, gedoen.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 17/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die formulering van Bepaling 25 as volg goed:

Bepaling 25

Opsig, Tug en Vermaning, / Appèlsake van die Ring

25.1.2 Die Ringsdiensraad fasiliteer die aanstelling van 'n tugliggaam volgens Reglement

25.1.5 Die tugmaatreëls word gereël in ooreenstemming met Art 64 en Reglement 22.10 van die 2023 Kerkorde van die N G Kerk.

25.1.8 Die Ringstugliggaam bepaal voor die hantering van die saak of dit op die tafel van die Kerk, of op die tafel van die sekulêre hof hoort (die aard van hierdie vasstelling word aan die diskresie van die tugliggaam oorgelaat).

25.1.9 Indien daar onsekerheid is of dit 'n kriminele oortreding kan wees, word van die advies van regsgeleerdes gebruik gemaak oor die plek waar die saak hoort. Die kerkregkundige/kerkregdiensgroep word genader om gepaste inligting te verskaf.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 18/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die formulering van Bepaling 30 as volg goed:

Bepaling 30

Vergaderinge van die Sinode

30.1 Die Sinode vergader op 'n tyd en plek soos deur die Sinode/Sinodale Diensraad bepaal. Die Sinode word opgeroep deur 'n kennisgewing aan al die kerkrade.

30.2 Elke gemeente vaardig ten minste een predikant en een kerkraadslid na die Sinodesitting af. Vir elke ander predikant wat afgevaardig word, word ook 'n kerkraadslid afgevaardig behalwe waar kombinering van gemeentes van toepassing is (Vergelyk Reglement 27.2.1.13). (Vergelyk Artikel 33.1.1 en 33.1.2)

30.3 Die Sinodale Diensraad het die reg om die vergadering uit te stel of 'n buitengewone vergadering byeen te roep met kennisgewing aan al die kerkrade.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 19/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die formulering van Bepaling 31 as volg goed:

Bepaling 31

Buitengewone Sinode

31.4 Ontwerpspan:

31.4.1 Die Ontwerpspan bepaal die tydsduur vir die Buitengewone Oostelike Sinodevergadering.

31.4.2 Die Ontwerpspan bestaan uit kundiges, die Uitvoerende Amptenaar, die voorsitter van die Sinodale Diensraad en die kerkregkundige.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 20/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die Redaksionele wysiging by Bepaling 36 as volg goed:

36.3 **'n *Kerkregdiensgroep* wat*** *(Die kerkregtelike beginsels wat in die Kerkorde van die Algemene Sinode op die Algemene Taakspan Regte van toepassing is, is ook van toepassing op Oostelike Sinode se Kerkregdiensgroep (vgl Reglement 8))*

Die skuinsgedruk word as voetnoot weergegee.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 21/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur die redaksionele wysiging by Bepaling 37 as volg goed:

Bepaling 37

Doleer Bepaling 37 word verskuif in die Familiereëls om saam met Artikel 23, wat handel met Kerklike appél, gravamen(beswaarskrif) en hersiening(revisie) gelees te word.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 22/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur Reglement OOS-2 as volg goed:

9. REGLEMENT OOS-2:

REGLEMENT VIR DIE SINODALE DIENSRAAD

1. SAMESTELLING SINODALE DIENSRAAD

1.1 Die Sinode verkies die voorsitter en ondervoorsitter van die Sinodale Diensraad, wat ook as voorsitter en ondervoorsitter van die daaropvolgende Sinodesitting dien. Hierdie persone is nie herkiesbaar in die daaropvolgende termyn in dieselfde posisie nie.

1.2 Die Sinode verkies sewe sinodale verteenwoordigers met sekundi vir die Sinodale Diensraad. Twee van die sewe sinodale verteenwoordigers (asook twee sekundi) moet ouderlinge/diakens wees wat nie predikants- of proponentsbevoegdheid het nie.

1.3 Elke ring wys by die Sinodesitting 'n Sinodale verteenwoordiger met 'n sekundus aan om op die Sinodale Diensraad te dien.

1.4 Die Kerkregkundige word deur die Sinodale Diensraad aangewys en as volwaardige lid gekoöpteer.

1.5 Die voorsitters van bedieninge word vir 'n bepaalde termyn as lede van die Sinodale Diensraad gekoöpteer.

1.6 Die verkose Sinodale verteenwoordigers word vir 'n termyn van vier jaar verkies. (HANDELINGE OOSTELIKE SINODE 2022 BL 77)

2. NOMINASIES

2.1 Nominasies vir die voorsitter, ondervoorsitter en die ander sewe sinodale leiers word tegelykertyd tydens die vergadering ontvang.

2.2 Nominasies geskied op 'n goedgekeurde nominasievorm. Die voorsteller en sekondante voltooi die volgende: Die genomineerde se naam en van, sy/haar gemeente, die hoedanigheid/hede waarvoor hy/sy genomineer word, die voorsteller (naam en handtekening van die afgevaardigde), die twee sekondante (naam en handtekening van twee afgevaardigdes).

2.3 Die nominasievorm word ingehandig en aan die genomineerde voorsien wat geleentheid kry om dit biddend te oorweeg, met die afgevaardigdes van sy/haar gemeente te bespreek en dit te onderteken. Die nominasie is eers geldig as die persoon wat genomineer is, die nominasievorm onderteken het en die nominasie aanvaar.

2.4 Die diversiteit van die Sinode word in aanmerking geneem. Minstens twee lede (asook twee sekundi) van die Sinodale Diensraad moet nie-gelegitimeerdes wees en geslag (veral vroue) en ouderdom (veral jeug) moet by nominasie en verkiesing oorweeg word.

2.5 Die name van al die genomineerdes en die hoedanigheid/-hede waarvoor hulle benoem is, word dan tot beskikking van die hele vergadering gestel.

3. VERKIESING

3.1 Stembriewe word voorberei waarop die hoedanigheid waarvoor die persoon genomineer is (bv. sinodale leier: voorsitter) en die name van al die genomineerdes in alfabetiese volgorde verskyn met hul gemeente se naam, amp, ouderdom en geslag in hakies.

3.2 Voordat die stemming plaasvind word die genomineerdes aan die vergadering bekend gestel.

3.3 Die verkiesing van voorsitter en ondervoorsitter van die Sinodale Diensraad vind eerste plaas, daarna die van die ander sewe sinodale leiers.

3.4 Elke stemming geskied deur die lede wat aanwesig is. Sinodale leiers asook sekundi, moet met 'n volstrekte meerderheid van stemme van die aanwesige lede verkies word. Verkiesing van persone geskied op 'n geslote stemwyse. Uit die name in die nominasielys stem elke stemgeregtigde vir soveel name as die getal persone wat in 'n bepaalde hoedanigheid verkies moet word. Indien vir 'n bepaalde hoedanigheid nie 'n volstrekte meerderheid van stemme op 'n persoon verenig is nie, vind 'n verdere stemming plaas uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het en saam 'n volstrekte meerderheid vorm. Indien die stemme staak, vind 'n volgende stemming tussen dieselfde persone plaas, waarna die lot beslis.

3.5 Ringe kom tydens die vergadering op 'n afgespreekte plek bymekaar en wys 'n primarius en sekundus met handopsteek aan om namens die ring op die Sinodale Diensraad te dien.

3.6 Die ringe kan nie iemand wat reeds as primarius deur die vergadering verkies is as ringsverteenwoordiger verkies nie. Indien 'n sekundus van die sinodale-verteenwoordigers as primarius van 'n ring verkies word, gaan die vergadering voort om 'n ander sekundus vir die Sinodale-verteenwoordigers te verkies.

4. VAKATURES

Na afloop van die Sinodesitting word vakatures in die Sinodale Diensraad van die Sinodale verteenwoordigers uit die sekundi aangevul. Indien die lys van sekundi uitgeput is, word dit deur die Sinodale Diensraad aangevul.

4.2 In geval waar sekundi vir 'n ringsverteenwoordiger uitgeput is, gaan die Sinodale Diensraad voort om iemand uit die bepaalde ring aan te wys. Die ring kan 'n aanbeveling aan die Sinodale Diensraad maak.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 23/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur goed dat die ringe twee persone aanwys wat op ondersoek- en tugliggame kan dien.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 24/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur goed dat die lys name van persone wat deur die ringe aangewys is om op ondersoek- en tugliggame te dien deur die Sinode gekondoneer word.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 25/SINOOS/10/2024

Die Sinode keur goed dat daar van die beplande opleiding om sinodale verteenwoordigers te bemagtig kennis geneem word.

GOEDGEKEUR

BESLUIT 26/SINOOS/10/2024

Die vergadering keur die notules van Dinsdag 8 Oktober en Woensdag 9 Oktober 2024 soos gewysig goed.

GOEDGEKEUR

Biddend saam op pad!

OOSTELIKE SINODE

www.sinoos.co.za